



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
NOVEMBER 2021
GRAAD 11

REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

11 bladsye + 1 formuleblad en 'n antwoordboek van 10 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin ALLE vrae beantwoord moet word.
3. 'n FORMULEBLAD vir die finansiële aanwysers word voorsien aan die agterkant van die vraestel. Jy kan dit gebruik indien nodig.
4. Wys ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Waar van toepassing, moet alle berekenings tot EEN desimaalpunt gegee word.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD IN MINUTE
1	Versoenings	40	32 minute
2	Koste Rekeningkunde	40	32 minute
3	BTW en Voorraadstelsels	30	24 minute
4	Kontantbegrotings en Geprojekteerde Inkomstestaat	40	32 minute
TOTAAL		150	120 minute

VRAAG 1: VERSOENINGS**(40 punte; 32 minute)****1.1 BANKVERSOENING****GEVRA:**

Bestudeer die inligting uit die rekeningkundige rekords van Sahara Handelaars en voltooi die volgende instruksies.

- 1.1.1 Voltooi die Bankrekening in die Algemene Grootboek deur die nodige inskrywings direk in die Bankrekening te maak
NOTA: FOLIOS WORD NIE VEREIS NIE (16)
- 1.1.2 Stel die Bankversoeningstaat op 30 November 2021 op. (8)
- 1.1.3 Verduidelik kortliks wat die doel is om bankversoening te doen. (2)
- 1.1.4 Noem TWEE interne beheermaatreëls wat 'n onderneming kan implementeer om die kontant in die onderneming te beheer. (2)

INLIGTING:

Die boekhouer van Sahara Handelaars het die Bankstaat wat van FNB gedurende November 2021 ontvang is, met die Bankversoeningstaat van Oktober 2021 en die Kontantjoernale vir November 2021 vergelyk, en het die volgende verskille gevind:

- i. Die Bankrekening in die Algemene Grootboek het 'n ongunstige voorlopige saldo van R9 228 getoon, terwyl die Bankstaat 'n ongunstige saldo van R16 768 op 30 November 2021 toon.
- ii. 'n Deposito van R2 190 ontvang op 25 November vir verkope was in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken as R2 910.
- iii. 'n Debiteur, T. Rhino, het R1 000 oor met EFO direk in die Bankrekening van Sahara Handelaars betaal ter vereffening van sy rekening van R1 100.
- iv. Die jaarlikse versekeringspremie van die eienaar se persoonlike voertuig was met 'n debietorder betaal, R1 440.
- v. Bankkoste van R80 en rente gehef op die debietsaldo, R60 verskyn slegs op die Bankstaat.
- vi. 'n EFO vir R5 820 wat betaal is vir die aankoop van handelsvoorraad verskyn as R5 280 in die betrokke joernaal. Na 'n ondersoek is daar vasgestel dat die boekhouer die bedrag verkeerd aangeteken het.

- vii. 'n Deposito van R4 190 gemaak deur S. Cheetah vir die kantoor spasie wat deur hulle van Sahara Handelaars gehuur word, is op die Bankstaat as R4 290 aangeteken. Die bedrag is korrek aangeteken in die KOJ.
- viii. Die Bank het Sahara Handelaars se rekening verkeerdelik gedebiteer met rente van R7 000 in plaas van R700.
- ix. Die volgende inligting in die November 2021 Kontantjoernale verskyn nie op die Bankstaat vir November 2021 nie:
 - Uitstaande deposito, R6 000
 - EFO 333 vir R6 500 vir die betaling van 'n krediteur, WW Winkels.

1.2 KREDITEUREVERSOENING

'n Rekeningstaat ontvang van 'n krediteur, Green Apple Kie. op 31 Oktober 2021, dui aan dat Fresh Fruit Mart hulle R14 530 skuld. Volgens die Krediteuregrootboek van Fresh Fruit Mart, die bedrag verskuldig aan Green Apple Kie. is R13 789.

GEVRA:

- 1.2.1 Gebruik die tabel wat in jou ANTWOORDBOEK voorsien is, om die verskille tussen die Krediteurestaat en die Krediteuregrootboek van die besigheid te VERSOEN. (8)
- 1.2.2 'n Interne ouditeur van Fresh Fruit Mart het ontdek dat goedere ter waarde van R6 500 wat by PK Stores bestel is, nie by die besigheid afgelewer is nie. 'n Ondersoek het aan die lig gebring dat die persoon wat in beheer van die bestellings en ontvangs van die goedere is, dit vir sy persoonlike gebruik bestel het.
 - a. Watter stappe moet deur die bestuur teen hierdie persoon geneem word? Verskaf TWEE punte. (2)
 - b. Verskaf TWEE interne beheermaatreëls wat toegepas moet word om te voorkom dat dit weer gebeur. (2)

INLIGTING:

Na 'n ondersoek het die volgende aan die lig gekom:

- a. 'n EFO wat aan Green Apple Kie. gemaak is, is nie betyds ontvang om 'n afslag toe te laat nie. Fresh Fruit Mart het aangeneem dat hulle die afslag van R450 sal ontvang, en het dit so in die boeke aangeteken.
- b. Goedere met 'n waarde van R980, teruggestuur aan Green Apple Kie. was in die Krediteurestaat aangeteken as R890.
- c. 'n Faktuur wat ontvang is vir goedere aangekoop vanaf Green Apples Kie. vir R700, was verkeerdlik in die Krediteurgrootboek van Fresh Fruit Mart as 'n debietnota aangeteken.
- d. Die Krediteurestaat wat ontvang is toon rente op die agterstallige rekening van R251. Daar is geen inskrywing in die Krediteurgrootboek van Fresh Fruit Mart vir die transaksie gemaak nie.
- e. Die volgende transaksies het plaasgevind nadat die Krediteurestaat reeds gedruk is, en per e-pos aan Fresh Fruit Mart gestuur is:
 - 'n Faktuur vir R3 400 vir goedere gekoop op 29 Oktober 2021
 - 'n EFO vir R1 950, gemaak as gedeeltelike betaling van die rekening op 30 Oktober 2021

[40]**VRAAG 2: KOSTE REKENINGKUNDE****(40 punte; 32 minute)****2.1 PURPLE GIRLS FACE MASK VERVAARDIGERS****GEVRA:**

Gebruik die inligting geneem uit die rekeningkundige rekords van Purple Girls Face Mask Vervaardigers, 'n onderneming wat herbruikbare geparfumeerde gesigsmaskers vervaardig om:

- 2.1.1 Die grondstowwe uitgereik vir produksie 2021 te bereken (6)
- 2.1.2 Die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek voor te berei
 - a. Fabrieksbokoste (14)
 - b. Goedere in bewerking voorraad (9)

NOTA: FOLIOS WORD NIE VEREIS NIE.

INLIGTING:

A. Die volgende saldos verskyn in die boeke van Purple Girls Face Mask Vervaardigers:

	30 September 2021	01 Oktober 2020
Direkte/Grondstofvoorraad	25 000	53 000
Goedere in bewerking voorraad	76 000	38 000
Indirekte materiaal voorraad	5 500	5 200

B. Transaksies vir die jaar:

Grondstofvoorraad aangekoop gedurende die jaar	720 000
Vraggeld op aankope van Grondstofvoorraad	15 400
Fabrieksonderhoud betaal	68 400
Advertensie betaal	23 500
Fabriekshuur betaal	46 700
Water en elektrisiteit betaal	78 400
Indirekte materiaal aangekoop	49 000
Diverse uitgawes betaal	12 300
Fabrieksvoorman se salaris	85 850
Kantoor assistent se salaris vir die jaar	136 750

C. Addisionele Inligting:

- Die totale direkte arbeidskoste vir die jaar bedra R847 650.
- Ingesluit in die bedrag van die grondstofvoorraad is goedere wat nie bestel is nie en daarom is dit teruggestuur aan die verskaffer, R5 000.
- Water en elektrisiteit en huur word verdeel tussen die drie departemente volgens die vloerspasie wat elkeen beslaan:
 - Fabriek 400 vierkante meter
 - Kantoor 380 vierkante meter
 - Verkoopsafdeling 220 vierkante meter
- Waardevermindering vir die jaar:
 - Kantoortoerusting, R12 500
 - Fabrieksmasjinerie, R22 800
- Diverse uitgawes moet in die verhouding 3 : 2 : 1 verdeel word tussen die fabriek, kantoor en verkoopsafdeling, onderskeidelik.

2.2 HANDSAN VERVAARDIGERS

Handsan Vervaardigers vervaardig handreinigers en ander hand skoonmaak produkte. Die onderneming is vroeg in 2020 geopen nadat die behoefte na hierdie produkte al hoe meer algemeen geword het. Die onderstaande inligting is geneem uit die rekords vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021.

GEVRA:

- 2.2.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021. (5)
- 2.2.2 Lewer kommentaar of die onderneming tevrede moet wees met die gelykbreekpunt. Haal relevante syfers in jou kommentaar aan. (4)
- 2.2.3 Die direktemateriaalkoste word goed beheer. Noem EEN moontlike rede vir die verlaging van die direktemateriaalkoste in 2021. (2)

INLIGTING:

	Eenheidskoste 2021	Eenheidskoste 2020
Vastekoste	50,00	47,00
Fabrieksbokoste	36,00	34,00
Administrasiekoste	14,00	13,00
Veranderlikekoste	132,00	126,00
Direkte arbeidskoste	56,00	51,00
Direkte materiaalkoste	30, 00	50,00
Verkoops- en verspreidingskoste	46,00	25,00
Aantal eenhede geproduseer en verkoop	24 960	23 600
Verkoopsprys per eenheid	R184	R220
Gelykbreekpunt per eenheid.	??	11 800

[40]

VRAAG 3: BTW EN VOORRAADSTELSELS**(30 punte; 24 minute)****3.1 BTW****GEVRA:**

- 3.1.1 Bereken die bedrae gemerk **A – E** in die tabel hieronder. (5)
- 3.1.2 Verduidelik die verskil tussen *Belastingvermyding* en *Betastingontduiking*. (4)
- 3.1.3 Gee TWEE voorbeelde van nul-koers items en TWEE voorbeelde van BTW-vrygestelde items. (4)

INLIGTING:

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die boeke van Sweetpea Winkels, 'n geregistreerde BTW onderneming. Goedere is onderhewig aan 'n BTW koers van 15%.

BTW Uitgesluit (R)	BTW Ingesluit (R)	BTW (R)
R320 000	A	B
R2 300	C	R345
D	E	R822

3.2 VOORRAADSTELSELS:

H&H Gifting is 'n klein onderneming wat besit word deur Henry Harold. Henry lewer die spesiaal handuitgesoekte geskenke deur-tot-deur af. Tydens die COVID-19 pandemie, het Henry se besigheid gefloreer, aangesien sy besigheid volledig aanlyn is. Henry gebruik die Periodieke Voorraadstelsel. Die finansiële jaar eindig op 31 Desember 2020.

GEVRA:

- 3.2.1 Bereken die aankoopprys wat na die Handelsrekening oorgedra sal word. (5)
- 3.2.2 Bereken die verkoopsyfer wat na die Handelsrekening oorgedra sal word. (4)
- 3.2.3 Bereken die Koste van Verkope. (4)
- 3.2.4 Bereken die gemiddelde koers van voorraadomset vir 2020. (4)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Voor-aansuiwerings Proefbalans op 31 Desember 2020:**

	Debiet	Krediet
Balansstaat rekeninge afdeling		
Handelsvoorraad (1 Januarie 2020)	65 200	
Nominale-rekeninge afdeling		
Verkope		295 000
Aankope	250 000	
Vraggeld op aankope	12 560	
Debiteureafslag	15 700	

B. Geen inskrywings is vir die volgende transaksies gemaak nie:

- i. Goedere met 'n kosprys van R2 500 is teruggestuur aan die verskaffers voor die voorraadopname plaasgevind het.
- ii. Die eienaar Henry Harold het goedere met 'n kosprys van R11 250 vir persoonlike gebruik geneem.
- iii. 'n Faktuur van R3 250 vir voorraad wat op krediet by Floral Handelaars gekoop is.
- iv. 'n Debiteur stuur goedere wat aan hom verkoop is terug met 'n verkoopprijs van R12 000. Die kosprys van die goedere is R8 000. Die goedere is teruggeplaas in die voorraad voor die voorraadopname plaasgevind het.
- v. Die besigheid gebruik 'n winspersentasie van 40% op kosprys.
- vi. Die fisiese voorraadtelling wat op 31 Desember 2020 gedoen is, toon aan dat die voorraad byderhand R96 250 is.

[30]

VRAAG 4: KONTANTBEGROTINGS EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT
(40 punte; 32 minute)

4.1 KONSEPTE

Sê of die volgende stellings Waar of Onwaar is. Skryf slegs **Waar** of **Onwaar** langs die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

- 4.1.1 Voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering is 'n item wat in die Kontantbegroting sal voorkom maar nie in die Geprojekteerde Inkomstestaat nie. (1)
- 4.1.2 Waardevermindering is 'n toegerekende uitgawe en sal daarom nie in die Kontantbegroting verskyn nie.. (1)
- 4.1.3 Die hoofdoel vir die opstel van 'n Kontantbegroting is om toekomstige inkomste en uitgawes te projekteer. (1)
- 4.1.4 Betaling aan krediteure is 'n uitgawe en sal daarom in die Geprojekteerde Inkomstestaat verskyn. (1)
- 4.1.5 Wat die Kontantbegroting en die Geprojekteerde Inkomstestaat soortgelyk maak, is dat albei syfers vir die toekoms projekteer. (1)

4.2 KONTANTBEGROTING

Die onderstaande inligting hou verband met Tripod Winkels.

GEVRA:

- 4.2.1 Voltooi die Debiteure Invorderingskedge vir Junie en Julie 2021. (14)
- 4.2.2 Voltooi die Kontantbegroting vir Junie en Julie 2021.

NOTA: Sommige inligting is reeds ingevul op die antwoordboek. (21)

INLIGTING:

- A.** Verwagte invorderings van debiteure:
- 40% van debiteure betaal hulle rekeninge gedurende die maand waarin die transaksie plaasvind om in aanmerking te kom vir die 4% korting vir vinnige betaling.
 - 30% betaal hulle rekeninge in die maand wat volg op die transaksie maand.
 - 23% betaal hulle rekeninge in die tweede maand na die maand waarin die transaksie plaasvind.
 - 7% word afgeskryf as oninbaar gedurende die derde maand.

B. Opsomming van transaksies:

Besonderhede	April (werklik)	Mei (werklik)	Junie (begroot)	Julie (begroot)
Totale verkope	90 000	82 000	100 000	110 000
Krediet aankope	70 000	80 000	65 000	85 000
Huurinkomste	16 600	16 600	17 000	?
Salarisse	75 000	75 000	75 000	?

75% van die totale verkope is op krediet

Koste van verkope is 60% van die totale verkope

Krediet aankope is 40% van die totale aankope

C. Krediteure word betaal in die maand wat volg op die maand van aankope.

D. Die huurooreenkoms maak voorsiening vir 'n jaarlikse verhoging van 12% met ingang van 1 Julie 2021.

E. Die volgende onttrekkings word maandeliks deur die eienaar gedoen:

- Kontant om vir sy huis se tuindienste te betaal, R7 500
- Handelsvoorraad om as verjaardag geskenke te gebruik, R2 800

F. 'n Gebruikte voertuig is in Junie vir R132 900 verkoop aan die eienaar se beste vriend. Die verlies by verkoop van die bate is R3 000. Die EFO sal eers in Julie 2021 gemaak word.

G. 'n Lening, teen rente van 11.5% p.j. word op 1 Julie 2021 uitgeneem.

- Die lening word terugbetaal in 36 gelyke maandelikse paaiemente wat op 30 Julie 2021 begin.
- Rente op lening is ook betaalbaar aan die einde van elke maand vanaf 30 Julie 2021. Rente word nie gekapitaliseer nie.
(Toon alle berekeninge tussen hakies)

H. Advertensies word bereken op 1% van die totale verkope van die vorige maand.

I. Alle werknemers sal 'n salaris verhoging van 4% aan die einde van Julie 2021 ontvang.

J. Die bankrekening het 'n gunstige saldo van R140 530 op 31 Mei 2021 getoon.

[40]

TOTAAL: 150

EINDE

FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste deur vennoot}}{\text{Gemiddelde vennotebelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : bedryfslaste	(Bedryfsbates- voorraad) : bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ of $\frac{12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope of koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ of $\frac{12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ of $\frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie Bedryfslaste : Vennotebelang	Totale bates : Totale laste	



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
NOVEMBER 2021
GRAAD 11

REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)
ANTWOORDBOEK

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

10 bladsye

Naam van skool	
Naam van leerder	
Graad	
Datum	

Vraag	Onderwerp	Moontlike Punt	Punt behaal	Moderator punt
1	Versoenings	40		
2	Koste Rekeningkunde	40		
3	BTW en Voorraadstelsels	30		
4	Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaat	40		
		150		

VRAAG 1: BANKVERSOENING

(40 punte; 32 minute)

1.1.1

Algemene Grootboek van Sahara Handelaars**Bank****B 10**

Datum		Besonderhede	Bedrag	Datum		Besonderhede	Bedrag
2021	30			2021	30		
Nov				Nov			

16

1.1.2 Bankversoeningstaat van Sahara Handelaars op 30 November 2021

	Debiet	Krediet
Saldo volgens Bankstaat		

8

1.1.3	Verduidelik kortliks wat die doel is om bankversoening te doen.	(2)
1.1.4	Noem TWEE interne beheermaatreëls wat 'n onderneming kan implementeer om die kontant in die onderneming te beheer.	(2)

4

1.2.1

Green Apple Kie.
Krediteureversoening op 31 Oktober 2021

	Rekeningstaat van Green Apple Kie.	Krediteuregrootboek van Fresh Fruit Mart
Verkeerde saldo	14 530	13 789
a.		
b.		
c.		
d.		
e.		
Korrekte saldo		

8

1.2.2

a.	Watter stappe moet deur die bestuur teen dié werknemer geneem word? Verskaf TWEE punte.	(2)
b.	Verskaf TWEE interne beheermaatreëls wat toegepas moet word om te voorkom dat dit weer gebeur.	(2)

4

40

2.2.3	Die direktemateriaalkoste word goed beheer. Noem EEN moontlike rede vir die verlaging van die direktemateriaalkoste in 2021.	(2)

11

40

VRAAG 3: BTW EN VOORRAADSTELSELS

(30 punte; 24 minute)

3.1 BTW

3.1.1	Bereken die bedrae gemerk A – E in die tabel hieronder.	(5)												
	<table><tr><td></td><td>ANTWOORD</td></tr><tr><td>A</td><td></td></tr><tr><td>B</td><td></td></tr><tr><td>C</td><td></td></tr><tr><td>D</td><td></td></tr><tr><td>E</td><td></td></tr></table>		ANTWOORD	A		B		C		D		E		
	ANTWOORD													
A														
B														
C														
D														
E														
3.1.2	Verduidelik die verskil tussen <i>Belastingvermyding</i> en <i>Betastingontduiking</i> .	(4)												

3.1.3	Gee TWEE voorbeelde van nul-koers items en TWEE voorbeelde van BTW-Vrygestelde items.	(4)
	NUL-KOERS ITEMS: BTW-VRYGESTELDE ITEMS:	

13

3.2 VOORRAADSTELSELS

3.2.1	Bereken die aankoopprys wat na die Handelsrekening oorgedra sal word.	(5)
3.2.2	Bereken die verkopesyfer wat oorgedra sal word na die Handelsrekening.	(4)
3.2.3	Bereken Koste van Verkope.	(4)

3.2.4	Bereken die gemiddelde koers van voorraadomset vir 2020.	(4)

17

30

VRAAG 4: KONTANTBEGROTING EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT

(40 punte; 32 minute)

4.1 KONSEPTE

	ANTWOORD
4.1.1	
4.1.2	
4.1.3	
4.1.4	
4.1.5	

5

4.2 KONTANTBEGROTING**4.2.1 DEBITEURE INVORDERINGS SKEDULE VIR JUNIE EN JULIE 2021.**

	Kredietverkope	Junie	Julie
April			
Mei			
Junie			
Julie			
Debiteure invorderings			

14

4.2.2 KONTANTBEGROTING VIR JUNIE EN JULIE 2021.

	Junie	Julie
ONTVANGSTE		
Kontantverkope	25 000	27 500
Invordering van debiteure		
Huurinkomste	17 000	
Lening-RAV Bank	-	201 600
Totale ontvangste		
BETALINGS		
Kontant aankope		
Betalings aan krediteure	80 000	
Onttrekkings	7 500	
Lening terugbetaling		5 600
Rente op lening		
Advertensie		
Salarisse	75 000	
Totale betalings		
Kontant surplus (tekort)		
Bank: Begin saldo	140 530	
Bank: Sluitings saldo		

21

40

TOTAAL: 150

EINDE



PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2021

GRAAD 11

REKENINGKUNDE (VRAESTEL 2)

NASIENRIGLYNE

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (Geen vreemde-item strafpunte vir misplaasde items nie). Geen dubbelpenaliserings toepassing nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoorde. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is..
4. Indien 'n vooraansuiweringssyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of - teken of hakies voorsien word nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir hierdie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Bewerking beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Nota: 'kontroleer bewerking' moet 'n +, -, x, - of volgens memo wees.
9. 'Een deel korrek' beteken die bewerking en een deel is korrek. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken. Indien 'n getal 'n metodepunt verdien het, dit sal as 'een deel korrek' beskou word..
10. In berekeninge, moet nie punte vir bewerkings toegeken word nie indien noemer en deler omgeruil is. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
11. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. Indien sulke gevalle, moet nie die metodepunt toeken nie. Dui deur middel van ξ .
12. Wees bewus van kandidate wat geldige alternatiewe buite die memorandum bied.
Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

MEMORANDUM

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2 GRAADE 11

VRAAG 1: VERSOENING

(40 punte; 32 minute)

1.1 BANKVERSOENING

1.1.1

Algemene grootboek van Sahara Handelaars

Bank

B 10

Datum	Besonderhede	Bedrag	Datum	Besonderhede	Bedrag
2021 Nov 30	Debiteurekontrole/ T. Rhino ✓	✓ 1 000	2021 Nov 30	Saldo	✓ 9 228
	Saldo	11 068		Verkope ✓ 2 190 – 2 910 = - 720	✓✓ 720
				Onttrekkings ✓	✓ 1 440
				Bankkoste ✓	✓ 80
				Rente op oortrekking ✓	✓ 60
				Handelsvoorraad ✓ 5 820 – 5 280 = 540	✓✓ 540
		12 068			12 068
			2021 Des 01	Saldo	✓ 11 068

16

1.1.2 Bankversoeningstaat van Sahara Handelaars op 30 November 2021.

	Debiet	Krediet
Dt saldo volgens Bankstaat	✓16 768	
Kt uitstaande deposito		✓ 6 000
Dt uitstaande		
EFO 333	✓ 6 500	
Dt bedragverkeerdelijk gekrediteer	✓✓ 100	
KT bedrag verkeerdelijk gedebiteer		✓✓ 6 300
Kt saldo volgens bankrekening		✓ 11 068
	23 368	23 368

8

MEMORANDUM

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2 GRAADE 11

1.1.3	Verduidelik kortliks wat die doel is om bankversoening te doen.	(2)
	Dit is 'n interne beheermaatreël om te verseker dat al die inskrywings korrek deur die onderneming en die bank opgeteken is. ✓ ✓ Dit voorkom bedrog, weglatings en foute. Om enige uitstaande deposito's en uitstaande EFO's te identifiseer. (Enige ander relefante, korrekte antwoorde.)	
1.1.4	Noem TWEE interne beheermaatreëls wat 'n onderneming kan implementeer om die kontant in die onderneming te beheer	(2)
	Verdeling van pligte ✓ Deponeer alle gelde wat ontvang word daaglik ✓ Registreer dat SMS's deur die Bank gestuur word vir enige beweging in die bankrekening. (Enige ander relefante, korrekte antwoorde.)	

4

1.2 KREDITEUREVERSOENING

1.2.1

Green Apple Kie.
Krediteureversoening op 31 Mei 2021

	Rekeningstaat van Green Apple Kie.	Krediteuregrootboek van Fresh Fruit Mart
Verkeerde saldo	14 530	13 789
a.		✓ 450
b.	✓ (90)	
c.		✓ 700 ✓ 700 of ✓✓ 1 400
d.		✓ 251
e.	✓ 3 400	
	✓ (1 950)	
Korrekte saldo	15 890	15 890

☐ totale moet dieselfde wees

8

MEMORANDUM

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2 GRAADE 11

1.2.2

a.	Watter stappe moet deur die bestuur teen die werknemer geneem word? Verskaf TWEE punte	(2)
	- Trek die geld van sy salaris af./Herwin geld deur regstappe. - Roep hom vir tugverhoor. 'n Saak moet by die SAPD geopen word. - Skors die werknemer hangende die uitslag van die saak. Enige TWEE punte √√	
b.	Verskaf TWEE interne beheermaatreëls wat toegepas moet word om te voorkom dat dit weer gebeur	(2)
	- Verdeling van pligte. - Senior personeel moet aankope goedkeur. - Wanneer goedere ontvang word, moet die persoon wat dit ontvang die voorraad wat ontvang word, kontroleer op die faktuur en die bestelvorm. - Doen interne oudit of kontrole om foute en bedrog op te spoor. - Maandelikse versoening van skuldeisers (krediteure). Enige TWEE punte √√	

4

40

MEMORANDUM

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2 GRAADE 11

VRAAG 2: KOSTE REKENINGKUNDE

(40 punte; 32 minute)

2.1 PURPLE GIRLS FACE MASK VERVAARDIGERS

2.1.1	Bereken die grondstowwe uitgereik vir produksie 2021	(6)
	$53\,000\sqrt{} - 25\,000\sqrt{} + 720\,000\sqrt{} + 15\,400\sqrt{} - 5\,000\sqrt{} = 758\,400\sqrt{}$	

6

2.1.2 ALGEMENE GROOTBOEK VAN PURPLE GIRLS MASK VERVAARDIGERS

a.	DT	FABRIEKSBOKOSTE	N2	KT
Sept	30	Huuruitgawe (46 700 x 400/1000) or 2/5	18 680 $\sqrt{}$	Sept 30 Goedere in bewerking 281 940 ·
		Fabrieksonderhoud	68 400 $\sqrt{}$	
		Water en elektrisiteit (78 400 x 400/1000) or 2/5	31 360 $\sqrt{}$	
		Indirekte materiaal (5 200 $\sqrt{}$ – 5 500 $\sqrt{}$ + 49 000 $\sqrt{}$)	48 700 $\sqrt{}$	
		Diverse uitgawes 12 300 x 3/6	6 150 $\sqrt{}$	
		Waardevermindering	22 800 $\sqrt{}$	
		Fabrieksvoorman	85 850 $\sqrt{}$	
		281 940		281 940

14

MEMORANDUM

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2 GRAADE 11

b.

GOEDERE IN BEWERKING

B6

2020 Okt	01	Saldo	38 000	2021 Sept		30	Klaarprodukte voorraad ✓	1 849 990 <i>Balanserende syfer</i>
		Grondstof voorraad ✓	758 400 <i>Sien 2.1.1</i>				Saldo	76 000
		Direkte arbeidskoste ✓	847 650 ✓					
		Fabrieksbokoste ✓	281 940 <i>Sien 2.1.3 a</i>					
			1 925 990					1 925 990
2021 Okt	01	Saldo	76 000 ✓					

9

2.2 HANDSAN VERVAARDIGERS

2.2.1	Bereken die gelykbreekpunt vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021.	(5)
	$\frac{\text{Totale vastekoste}}{\text{Verkoopsprys} - \text{veranderlikekoste}}$ $= \frac{50 \checkmark \times 24\,960 \checkmark}{184 \checkmark - 132 \checkmark}$ $= \frac{1\,248\,000}{52}$ $= 24\,000 \text{ eenhede } \checkmark$	
2.2.2	Lewer kommentaar of die onderneming tevrede moet wees met die gelykbreekpunt. Haal syfers aan in jou kommentaar.	(4)
	Ja/Nee ✓ Kommentaar ✓✓ Syfers ✓ Ja – Besigheid produseer 960 eenhede meer as die gelykbreekpunt. Nee – Besigheide produseer slegs 960 eenhede meer as die gelykbreekpunt, die besigheid maak skaars 'n wins.	

MEMORANDUM

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2 GRAADE 11

2.2.3	Die direktemateriaalkoste word goed beheer. Noem EEN moontlike rede vir die verlaging van die direktemateriaalkoste in 2021.	(2)
	Die prys van die materiaal het verminder ✓✓ Minder vermorsing van materiaal (Enige relevante antwoord.)	

11

40

VRAAG 3: BTW EN VOORRAADSTELSELS

(30 punte; 24 minute)

3.1 BTW

3.1.1	Bereken die bedrae gemerk A – E in die tabel hieronder.	(5)												
	<table><tr><td></td><td>ANTWOORD</td></tr><tr><td>A</td><td>R368 000 ?</td></tr><tr><td>B</td><td>R48 000 ?</td></tr><tr><td>C</td><td>R2 645?</td></tr><tr><td>D</td><td>R5 480 ?</td></tr><tr><td>E</td><td>R6 302 ?</td></tr></table>		ANTWOORD	A	R368 000 ?	B	R48 000 ?	C	R2 645?	D	R5 480 ?	E	R6 302 ?	
	ANTWOORD													
A	R368 000 ?													
B	R48 000 ?													
C	R2 645?													
D	R5 480 ?													
E	R6 302 ?													
3.1.2	Verduidelik die verskil tussen <i>Belastingvermyding</i> en <i>Betastingontduiking</i> .	(4)												
	Belastingvermyding is wanneer 'n belastingbetaler sy sake op 'n wettige manier reël om sy betaalbare belasting te verminder. ✓✓ Belastingontduiking is onwettige aktiwiteite wat die belastingbetaler gebruik om sy belastingpligtigheid te verminder. ✓✓													
3.1.3	Gee TWEE voorbeelde van nul-koers items en TWEE voorbeelde van BTW-vrygestelde items.	(4)												
	NUL-KOERS ITEMS: Bruinbrood, rys, melk, eiers (ANY TWO) ✓✓ BTW-VRYGESTELDE ITEMS: Skoolfonds, versekering, finansiële dienste (ANY TWO) ✓✓													

13

MEMORANDUM

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2 GRAADE 11

3.2 VOORRAADSTELSELS

3.2.1	Bereken die aankoopprys wat na die Handelsrekening oorgedra sal word.	(5)
	$250\,000 \checkmark - 2\,500 \checkmark - 11\,250 \checkmark + 3\,250 \checkmark = 239\,500 \checkmark$	
3.2.2	Bereken die verkopesyfer wat oorgedra sal word na die Handelsrekening.	(4)
	$295\,000 \checkmark - 15\,700 \checkmark - 12\,000 \checkmark = 267\,300 \checkmark$	
3.2.3	Bereken koste van verkope.	(4)
	Sien 3.1.2 $65\,200 + 239\,500 \checkmark + 12\,560 \checkmark - 96\,250 \checkmark = 221\,010 \checkmark$	
3.2.4	Bereken die omsetsnelheid van voorraad vir 2020.	(4)
	$\frac{221\,010 \checkmark}{(65\,200 + 96\,250) / 2 \checkmark}$ Sien 3.2.3 $= \frac{221\,010}{80\,725 \checkmark}$ $= 2,7 \text{ keer per jaar } \checkmark$	

MEMORANDUM

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2 GRAADE 11

VRAAG 4: Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaat

(40 punte; 32 minute)

4.1 KONSEPTE

	ANTWOORD
4.1.1	Onwaar ✓
4.1.2	Waar ✓
4.1.3	Onwaar ✓
4.1.4	Onwaar ✓
4.1.5	Waar ✓

5

4.2 KONTANTBEGROTING

4.2.1 DEBITEURE INVORDERINGS SKEDULE VIR JUNIE EN JULIE 2021.

	Kredietverkope	Junie	Julie
April (90 000 x 75%)	67 500 ✓	15 525 ✓	
Mei (82 000 x 75%)	61 500 ✓	18 450 ✓	14 145 ✓
Junie (100 000 x 75%)	75 000 ✓	28 800 ✓	22 500 ✓
Julie (110 000 x 75%)	82 500 ✓		31 680 ✓
Debiteure invorderings		62 775 ?	68 325 ?

14

MEMORANDUM

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2 GRAADE 11

4.2.2 KONTANTBEGROTING VIR JUNIE EN JULIE 2021

	Junie	Julie
ONTVANGSTE		
Kontantverkope	25 000	27 500
Invordering van debiteure	Sien 4.2.1 bo 62 775 ?	Sien 4.2.1 bo 68 325 ?
Huurinkomste	17 000	19 040 ✓
Lening-RAV Bank		201 600
Verkoop van vaste bates		132 900 ✓
Totale ontvangste	104 775	449 365
BETALINGS		
Kontant aankope	97 500 ✓	127 500 ✓
Betalings aan krediteure	80 000	65 000 ✓
Onttrekkings	7 500	7 500 ✓
Lening terugbetaling		5 600
Rente op lening $(201\,600 \times 11.5\% \times \frac{1}{12})$		1 932 ?
Advertensie	820 ✓	1 000 ✓
Salarisse	75 000	78 000 ✓
Totale betalings	260 820	286 532
Kontant surplus (tekort)	(156 045) ?	162 833 ?
Bank: Begin saldo	140 530	15 515 ?
Bank: Sluitings saldo	15 515 ?	178 348 ?

21

40

TOTAAL: 150